NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

SONDAG 1 MEI 2022

DERDE SONDAG IN PAASTYD

GEMEENTE DAGBOEK

GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK
Die invloed wat die Covid 19 pandemie het op mense

LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK
Openbaring 7:9-17; Handelinge 9:36-43
Psalm 23; Johannes 10:22-30

	SONDAG, 1 MEI
	WERKERSDAG ARBEIDSONDAG SINODALE BID- EN DANKDAG
09:30	Oggenddiens – Ds Johan Morkel Deuroffer: Arbeidsbediening Erediensspan 3 – Elsa Welman
Geen	Kleuterkerk
Geen	Kinderkerk
Geen	Aanddiens
Geen	Senior kategese
	MAANDAG, 2 MEI
	OPENBARE VAKANSIEDAG
	DINSDAG, 3 MEI
09:30	Senior Burger Bybelstudie
	WOENSDAG, 4 MEI
09:30	Vroue Bybelstudie
10:00	Othello Biduur
19:00	Huweliksverryking – Date Night in De Eike
	DONDERDAG, 5 MEI

09:30	Kuilsrivier Dienssentrum – Ds van Wyk (Moedersdagkonsert) Moedergemeente Sopbeurte: Jorina Botha, Riana Fick, Corra Kitshoff, Miemmie Myburgh, Ina van Niekerk, Ronel Williams
19:00	Uitvoerende Kommissie vergadering
	VRYDAG, 6 MEI
09:00	Gebedsbyeenkoms in Moederskamer – Almal welkom
	SATERDAG, 7 MEI
	SONDAG, 8 MEI
	MOEDERSDAG
09:30	Oggenddiens Deuroffer: Zimbabwe, Malawi en Mosambiek Erediensspan 4 – Neels Kruger
09:30	Kleuterkerk
09:30	Kinderkerk
Geen	Aanddiens
18:00	Senior kategese

GEMEENTENUUS

1. Ons het die volgende lidmaatskappe ontvang:
   Theo en Hettie Lombaard vanaf Wolseley
   Arran, Estelle en Liana De Wet vanaf Krokodilrivier.
   Adele Steenkamp vanaf La Rochelle
2. Baie geluk aan die volgende persoon:
   Hester Carstens vier haar 80ste verjaarsdag die komende week.
3. Ethel Gagiano (Andanté) is oorlede. Haar dogter is Riana van der Merwe (Bosmanstraat) en haar kleindogter is Laurette Brink (Nuxiastraat)
4. Miemmie Myburgh (Manatokastraat) ondergaan die komende week ‘n operasie.
5. André en Nadine Steenkamp (Brackenfell) het ‘n baba dogtertjie ryker geraak. Phillip en Annette Fourie (Brackenfell) is die grootouers.
6. Johan Carstens (Swaansingel) is steeds in die hospitaal.
7. Lindia Kritzinger (Brackenfell) het mediese toetse ondergaan waarvan die uitslae kommer wek.



VAN ALLES EN NOG WAT

1. Ds Chris Barnardo is naweek af.
   Ds Johan Morkel neem in ds Chris se plek waar.
2. Kom ondersteun die Jeugkommissie deur **koffie** by die kerkkantoor te koop teen R65 per pakkie. Verskeidenheid geure beskikbaar in bone en gemaal.

OPNEEM VAN OFFERS

Offergawes word steeds net by die deure opgeneem aan die einde van die diens.

Jou bydrae vir die gemeente (voorheen opgeneem as bankkollekte) kan jy in die mandjies plaas.

Jou bydrae vir die sinodale instansie (soos aangedui op die aankondiginge) kan jy in die koevert plaas wat in die banke verskaf is. Gooi dié koevert dan ook in die mandjie.

VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

Arbeidsbediening

Arbeidsbediening is ’n diensarm van Christelike kerke wat alle mense in die werkplek landswyd ondersteun – hulle werk dus AANVULLEND tot gemeentebediening en verteenwoordig nie die voorkeure of styl van een spesifieke denominasie nie. Hulle verteenwoordig die hele kerk van Christus en is gerig op die geestelike versorging van mense in hul plekke van werk. Christen-gelowiges word ondersteun en ’n vriendskapsevangelisasie word gevolg deur mense te bereik wat nog nooit van die Here gehoor het nie. Arbeidsbediening se holistiese benadering beteken ook dat hulle mense pastoraal bystaan wat onreg beleef , sukkel om verhoudings te laat versoen of wat hul werk verloor het. Om te verseker dat die bediening relevant bly, word sake soos werksetiek aangespreek, toerustings-geleenthede aangebied en nuwe bemagtigingsprojekte aangepak. U kan ook kyk na die video oor hul werk by https://bit.ly/3cPmQVc.

Me Carin Brink | 083 651 9515 | cbrink@kaapkerk.co.za
Webwerf: http://imsacape.christians.co.za

VERJAARSDAE VIR DIE WEEK



01/05 Cathy Immelman, Leon Barnard, Anja Nell, Anton Visser
02/05 Janlu Muller, Carla West, Pierre le Roux, Marizanne Pascal van Alphen
03/05 Rolf Botha, Hendrik Dippenaar, Jacques Esterhuyse, Hein Gericke, Reneé Jordaan, Annie Minnie, Carli Myburgh, Anje-Marie van Wyk
04/05 Elsie Els, Antoinette Lourens, Corné Strydom,
05/05 Hans Booyens, Lynette Penderis, Derick Summers
06/05 Hester Carstens, Jana Kotzé, Louis van Eeden
07/05 Bertha Bester, Marie de Wit

BASAAR – 28 MEI 2022

Ons dienswerkers is ywerig besig om van huis tot huis te gaan om lidmate se bydraes en beloftes vir die komende basaar te vra. Indien jou dienswerker jou nog nie gekontak het nie, of jy dalk buite De Eike se grense bly, kontak gerus die kerkkantoor.

Ons is dankbaar vir alle bydraes en beloftes reeds ontvang. Ons benodig egter nog baie gebak, bv. koekies, beskuit, brood, groot koeke, terte, ens. Ons benodig ook hande om by verskeie van die tafels te help met die voorbereidings en/of verkope. Weereens kontak die kerkkantoor indien jy kan help.

Neem ook kennis dat daar vanjaar 'n "Kerrie en Rys" tafel gaan wees. Kom ondersteun hulle gerus.

Johan Morkel (Basaarkonvenor)

BASAAR LUSMAKER

Groot Koeke

Skakel gerus vir Marianne Brink by 021 903 2618 indien u 'n bydrae vir die grootkoektafel wil maak of met die verkope op basaardag wil help.

Marianne Brink
071 221 9739

Hamburgers

Kom slaan jul tande in ons heerlike sappige hamburgers met ons geheime sous. Jul gaan spyt wees as jul dit mis. ☺ Die manne begin al rondom 06h00 met die vure om te verseker dat als betyds klaar is. Ons is 'n lekker span mense wat saamwerk. Kom geniet julself!

Sanet Koen
082 447 4088



Naald- en Handwerk (Iets van als)

Kom ondersteun hierdie kleurryke tafel met ‘n lekker verskeidenheid items. Ons het vanjaar ook heerlike konfyte en ingelegde kool, beet en slaphakskene.

Christine Myburgh
082 824 4421

Melkkos

Lekker heerlike heilsaamheid!!!!
Kom *“KOEP”* van ons lekker melkkos net soos ouma dit gemaak het

Hester Carstens
083 440 1232

Dit en Dat

Indien daar enige ongewenste - bruikbare item in jou pad lê. Bring dit asb na kerkkantoor vir bo-genoemde tafel of skakel:

Henty Wickens - 0837033720

PREEKSKETS

TEMA – CHRISTUS HOU DIE WÊRELDGESKIEDENIS IN SY HAND.

Prediker: Ds Johan Morkel

Skriflesing: Openbaring 5:1 - 14

Inleiding: Ons het dikwels vrae wat ons bekommerd, bang en onseker oor die toekoms maak. Johannes skryf die brief om alle gelowiges te troos en te bemoedig, wat hul omstandighede ookal mag wees.

1. Johannes vertel ons van die visioen wat hy gesien het. So openbaar hy vir ons iets omtrent God se Raadsplan vir die wêreld.

1.1. Hy sien aan die regterkant van God ‘n boekrol wat vol geskrywe is en met 7 seëls verseël is.

Die boekrol stel God se Raadsplan vir die wêreldgeskiedenis voor. Die 7 seëls sê vir ons die boekrol is volkome ontoeganklik. Die 4 lewende wesens stel die hele skepping voor en die 24 ouderlinge is die kerk, alle gelowiges.

1.2. ‘n Sterk engel het uitgeroep of daar iemand is om die boekrol oop te maak en so die wêreld-geskiedenis te ontsluit. Maar daar was niemand nie. Dan antwoord ‘n ouderling, daar is Iemand wat die boekrol kan oopmaak!

1.3. Johannes het waarskynlik ‘n heldefiguur verwag, maar dan sien hy ‘n geslagte Lam, Jesus Christus! Jesus, die geslagte Lam van God, is waardig om die boekrol te neem en die seëls te breek omdat Hy deur sy offer aan die kruis en sy opstanding die sonde, die bose, die dood en die hel oorwin het!

Alleen Jesus Christus kon die boekrol by God neem en oopmaak. Dit beteken daar is alleen deur Jesus Christus verlossing, oorwinnig oor sonde, die dood en die bose.

2. Dat Jesus Christus die enigste Een is wat die boekrol neem om oop te maak, beteken die beheer van die wêreldgeskiedenis behoort aan Christus, Jesus Christus heers.

2.1. Watter troos is dit nie vir die gelowige nie - vir gelowiges van alle tye. Al sien ons nie altyd hierdie heerskappy van Christus nie, die agenda van die wêreldgeskiedenis is in Christus se hande. Daar sal ‘n dag kom waarop die heerskappy van Christus openbaar gemaak sal word.

3. Die hemelse koor bestaan uit alle gelowiges, die skepping, miljoene engele en “alles in die hemel en op aarde en op die see!”

3.1. Die inhoud van die lied vertel ons van die hemelse Koninkryk van God. As dit gesê word van God se Koninkryk in die hemel, behoort iets hiervan ook in God se koninkryk op aarde(ons) sigbaar te wees!

3.2. Ons kan onsself afvra: Is Jesus my Koning? Dien ek die Here met my lewe? Dra my lewe sy regering op aarde uit? Gaan my lewe oor die eer en verheerliking van die Here?